Rapport

13/01/2007 15:17 - (SA)

Wees Bang, baie, vir hierdie kettery

Dr. Christo Lombaard

Ná ’n emosioneel uitmergelende kerkregtelike proses oor maande is proff. Dirk Human, Jurie le Roux en Julian Müller deur ondersoekliggame van die Universiteit van Pretoria en die NG Kerk se kuratorium van die UP se teologiese fakulteit vrygespreek van onskrifsinnigheid.

Hul aanklaer, mnr. Ferdi Mulder, mag nog sy meestersgraad in die teologie aan UP voltooi, maar daarna is hy van dié fakulteit geskors nadat hy aan oneerlikheid en valse beskuldigings skuldig bevind is.

Groot skade is gedoen. Drie internasionaal gerespekteerde teoloë se kosbare navorsingstyd is ses maande lank opgeslurp deur die saak. ’n Intelligente, kunssinnige student se loopbaan in die kerk is beëindig.

En dalk die mees negatiewe nadraai: die eeue oue implisiete vertrouensverhouding tussen die doktores van die kerk en aspirant-predikante is geskend.

Intense geskilgesprekke tussen dosent en student, van alle tye af, was nog altyd kenmerkend van ’n intellektuele verhouding waarin breinkrag gerek en verstaansraamwerke gevorm word.

Enige vrae kan gevra word, want nóú is die tyd daarvoor, terwyl ek studeer – ’n intensiewe voorbereidingstyd.

Deur sulke diep denke, wyd te lees, baie te praat en fyn te skryf, word ons insigte oor mens, wêreld en God geskaaf – en soms geswaai.

Maar nou, plaaslik, kán dit nie meer nie. Elke woord, elke frase, selfs elke liggaamshouding is oop vir aanklag. Dan dalk maar eerder nié my studente uitdaag en aanpor tot hoër hoogtes nie . . .

Watter boosheid hét dan nou die oper interaksie tussen dosent en teologiestudent kom beduiwel? Die drie professore, die student en die gebroke implisiete vertrouensverhouding is almal slagoffers van dieselfde sonde: die fundamentalisme.

Sonde? Die fundamentalisme?

Daaroor is die laaste weke, ná die bevinding in Pretoria, baie in die leke- en kerkmedia gedebatteer. In dié gesprekke word twee foute oor die fundamentalisme telkens herhaal:

Eerstens, dat die fundamentalisme onnadenkend is. Maar, soos die Duitse etikus prof. FW Graf onlangs plaaslik betoog het, fundamentaliste se gesprekke het ’n eie, interne logika.

Nie-fundamentaliste volg dit moeilik, maar dit het sin. Sodra die “fundamentele waarhede” (sekere definisies van onder meer die foutloosheid van die Bybel, die maagdelike ontvangenis van Jesus, en sy opstanding uit die dood) aanvaar is, word verdere verfynings en eietydse toepassings op ’n intern-konsekwente manier moontlik. Denke is daar dus beslis, al is die gewaardeerde debatsgenote net sielsgenote.

Tweedens is die teenstelling tussen fundamentalisme en liberalisme vals.

Klassiek is teologiese liberalisme enige teologiese stroming wat iets van buite die Bybel en die hoofinhoude van die Christelike leer neem, en dit sentraal stel. So word die ware Christelike identiteit dan geherdefinieer, sodat iets buite-Christeliks die sleutel word tot wat aanvaarbare geloof is.

Maar die Christendom word nog altyd gekenmerk deur hervorming aan die hand van die Bybel.

Daarteenoor is nuutvorming aan die hand van iets “vreemds”, iets buite-Christeliks, kettery. (’n Voorbeeld is die buite-Bybelse gedagtegang dat die liggaam sleg is, en die siel goed. Word dit verchristelik, moet die liggaamlikheid/ ware mensheid van die sondelose Jesus daarom ontken word – ’n belangrike onderdeel van die gnostiese dwaalleer.)

Die fundamentalisme is aan presies só ’n nuutvorming skuldig. Sentraal aan die fundamentalisme staan naamlik nie ’n vertroue op God self as basiese geloofshouding nie, maar sekere rigiede idees oor die konsep “waarheid”.

Antieke Grieks-filosofiese gedagtegange oor die aard van “waarheid” word dus van buite die Christendom gehaal en op Bybelse tekste en geloofsinhoude gepas.

Hierdie sake word so in hierdie Grieks-filosofiese terme herskryf dat dit – en diegene – wat nou nie (meer) ínval nie, uitgewerp moet word. Want “hulle” glo nie eg nie . . . “Suiwering” volg noodgedwonge, want dié nuwe interpretasie is heiliger as al die ander.

Vir die fundamentalisme dus: wie mý “waarheid” nie volg nie, moet weg. Al vind hulle, sentraal in hul lewe, heil nêrens anders as by God self nie . . .

Dít is die liberalisme van die fundamentalisme. God/ Christus/ Gees/ geloof/ Skrif is nie meer genoeg nie. Mens moet éérs “waarheid” sê . . .

Hoeveel male al in die geskiedenis is Bybelwetenskaplikes vervolg, net om feitlik sonder uitsondering onskuldig bevind te word aan dwaalleer.

Maar die koste hiervan – waarvan finansies, hoe substansieel ook al, die minste is – is te hoog. Die dienswerk van teologie, universiteit en kerk word daardeur grondig ondermyn.

Word die ware ketters, die fundamentaliste, egter ooit tot regsinnigheid geroep? Hoeveel kere nóg gaan toegelaat word dat diegene wat idees van buite die Christendom daarop afdruk, met ’n verdraaide vroomheid dié wat daagliks professioneel die Bybel wil verstaan, probeer uitdruk?

Het die kerk die moed om dié wydverspreide verdraaide vroomheid in eie geledere voor haar howe te daag? Die gevaar van die fundamentalisme, sowel teologies as politiek, behoort ons bang te maak. Dís die ketters wat moet uit.

Natuurlik sal die kerk nie ’n vinger lig nie.

’n Siniese argument sou wees dat sy te vol fundamentaliste sit om haar van hulle te probeer reinig.

’n Beter argument is dat die kerk self nie fundamentalisties is nie: sy verdra verskeidenheid. Kry die drie betrokke Tukkie-teoloë om ’n koffietafel aan die praat oor Skrifverstaan, en drie sterk uiteenlopende standpunte kristalliseer.

Die punt is nie, à la fundamentalisme, dat almal alles dieselfde verstaan nie.

Die verskille is natuurlik, én help gelowige nadenke. Nog minder is die punt, à la fundamentalistiese vrese, dat “alles deesdae ook maar reg is”.

Foute kom en – danksy hervorming – foute gaan.

Erkenning van wedersydse integriteit, oftewel opregtheid, is daarom deel van geloofs- én akademiese verdraagsaamheid. Juis hierin lê egter die fundamentalisme se naasgrootste sonde . . . dat hy juis dít nie betoon nie.

Dr. Christo Lombaard is verbonde aan Unisa se departement Christelike spiritualiteit.

20/01/2007 15:12 - (SA)

Fundamentalis meen die waarheid

Rex le Roux, Pretoria:

Dr. Christo Lombaard noem dat sentraal aan die (Christelike) fudamentalisme staan naamlik nie ’n vertroue op God self as basiese “geloofshouding” nie, maar sekere rigiede idees oor die konsep ‘‘waarheid” (by implikasie waarheid as ’n geloofshouding) (Rapport, 14 Januarie 2007).

Hy noem egter nie die gewraakte (?) “waarhede” by name nie.

Stem die agbare doktor saam met die stelling van Christus: “Ek is die waarheid”? Is dit ’n gewraakte rigiede idee oor waarheid?

Prof. Ferdinand Deist omskrywe aspekte van die fundamentalisme onder meer as a) ’n diepgaande konserwatiewe benadering tot die Bybel wat b) daarop staan dat die teks van die Bybel letterlik verstaan moet word, c) dat dit goddelik geïnspireerd is, d) onfeilbaar is, en e) dat die Bybel se uitsprake daarom outoritêr is.

Met welke van die aspekte van die fundamentalisme se “geloofshouding” hierbo genoem stem Lombaard nie saam nie?

En indien hy wel nie met almal saamstem nie, op grond waarvan stem hy nie saam met elkeen van die gewraakte aspekte nie? Of soos hy dit stel: “Dalk moet (hy) maar eerder nie (sy) studente uitdaag en aanpor tot ‘hoër’(?) hoogtes nie”, nie voordat hy nie duidelik kan uiteensit wat sy probleem met die Christelike fundamentalisme is nie.

Fundamentalisme vs.filosofiese dwaalleer

B. Ficker, Somerset-Wes:

Christo Lombaard (Perspektief 14/1, bl. 3) het blykbaar ’n nuwe sondebok ontdek: fundamentalisme!

Dit klink amper soos in die vorige bedeling toe “kommunisme” of “die Roomse gevaar” die sondebok vir alles was. Bybelse hoekstene soos die maagdelike geboorte en opstanding van Christus word nou skielik afgekraak as die “fundamentele waarhede” van die “sondige” fundamentaliste!

Die konsep van “waarheid” word nou ook uitgekryt as kenmerkend van fundamentalisme! Wat het dan nou ewe skielik van Bybelse waarhede geword? In belang van ’n anti-fundamentalistiese veldtog, word die baba nou met die badwater uitgegooi?

Die kern van die kwessie word opgesom in Lombaard se stelling: Kry die drie betrokke Tukkie-teoloë bymekaar, en drie sterk uiteenlopende standpunte kristaliseer. Hoe is dit moontlik dat dit gebeur met basiese Bybelbeginsels soos die maagdelike geboorte en die opstanding? Is dit nie die kern van die probleem nie, eerder as die sogenaamde “fundamentalistiese probleem”, naamlik dat verskillende teoloë sterk uiteenlopende standpunte oor dieselfde Bybelse waarheid het, met ’n gevolglike teologiese bak en brou?

Wat is dan die teenoorgestelde van fundamentalisme? Filosofiese dwaalleer?

Japie Gerber, Danhof:

“Bang vir hierdie kettery” (Rapport, 14 Januarie 2007) het betrekking.

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Van Schaik, 1972) sê tereg ’n ketter is “ ’n afvallige van die regsinnige Christelike godsdiens”. Die vraag is egter wat met “regsinnige” godsdiens bedoel word? Die antwoord hierop word myns insiens gegee in die drie ekumeniese geloofsbelydenisse naamlik Die Apostoliese Geloofsbelydenis (die Twaalf Artikels, vanaf sowat 100 n.C.); die Belydenis van Nicaea (362 – 381 n.C.) en die Geloofsbelydenis van Athanasius (+500 n.C.)

Die Geloofsbelydenis van Athanasius sê dit in soveel woorde en ek haal aan: “Vir elkeen wat salig wil word, is dit voor alle dinge nodig dat hy die algemene geloof hou; maar elkeen wat dit nie geheel en al en ongeskonde bewaar nie, sal sonder twyfel ewig verlore gaan.” Hierdie Christelike geloofsinhoud word in sy eenvoudigste vorm in die Apostoliese Geloofsbelydenis weergegee en dit is aan alle Christene goed bekend, want dit word in die meeste kerke elke Sondag bely.

As ons nou kyk na elke artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis sal die ketters byvoorbeeld nie God bely as die Skepper van die hemel en die aarde en as die Vader van ons Here Jesus Christus nie.

Hulle sal die maagdelike geboorte van Jesus asook die soenverdienstelike aard van sy kruisdood ontken. Hulle sal sy liggaamlike opstanding uit die dood, sy hemelvaart en sy hemelse bediening deur die Heilige Gees asook sy wederkoms en dus ook die opstanding van die dooies en die ewige lewe, ontken.

Die enigste wat die ketters sal oorhou, is hul eie spiritualiteit, maar dit sal hulle nie van hul sonde verlos en hulle die ewige lewe gee nie.

****